²⁰ En weer het Hy gesê: **Waarmee sal Ek die koninkryk van God vergelyk?**

²¹ **Dit is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mates meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is.**

Die Smal Deur

²² En Hy het deur die stede en dorpies beweeg, die mense geleer op reis na Jerusalem toe.

²³ Toe het iemand vir Hom gesê: YHWH, is die wat gered word, maar min? [gered en verlos van die straf van die laaste oordeel en deel geword het van die verlossing deur Christus] En Hy het hulle geantwoord,

²⁴ Strive to enter in at the narrow gate; for many, I say unto you, will seek to enter in and shall not be able.

²⁵ When once the husband of the house is risen up and shall have shut the door, and ye begin to stand without and to knock at the door, saying, Lord, Lord, open unto us; and he shall answer and say unto you, I know you not from where ye are,

²⁶ then shall ye begin to say, We have eaten and drunk in thy presence, and thou hast taught in our streets.

²⁷ But he shall say unto you, I know you not from where ye are; depart from me, all ye workers of iniquity.

²⁸ In that place shall be weeping and gnashing of teeth when ye shall see Abraham and Isaac and Jacob and all the prophets in the kingdom of God, and you yourselves thrust out.

²⁹ And others shall come from the east and from the west and from the north and from the south and shall sit at the table in the kingdom of God.

³⁰ And, behold, there are last which shall be first, and there are first which shall be last.

Lament over Jerusalem

³¹ The same day there came certain of the Pharisees, saying unto him, Go out and depart from here, for Herod will kill thee.

³² And he said unto them, Go ye and tell that fox, Behold, I cast out demons, and I do cures today and tomorrow, and the third day I shall be perfected.

²⁴ **Streef {stry} hard om by die smal deur in te gaan [forseer jousef daardeur]; want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal dit nie regkry nie.**

²⁵ **Wanneer die eienaar van die huis opgestaan het en die deur gesluit het, sal julle buite staan en aan die deur begin klop en sê, YHWH, YHWH, maak vir ons oop; en Hy sal antwoord en vir julle sê, Ek ken julle nie waar [watter huis – sekerlik nie Myne nie] julle vandaan is nie,**

²⁶ **dan sal julle begin sê: Ons het in u teenwoordigheid geëet en gedrink, en U het op ons strate (die mense) geleer.**

²⁷ **Maar Hy sal vir julle sê, Ek ken julle nie en weet nie van waar [watter huis – sekerlik nie Myne nie] julle vandaan is nie; gaan weg van My af, al julle arbeiders van die ongeregtheid {boosheid}.**

²⁸ **In daardie plek sal daar 'n geweet en 'n gekners van tande wees, wanneer julle Abraham, Isak en Jakob en al die profete in die koninkryk van Adonia sal sien, maar julle self na buitentoe uitgedryf is.**

²⁹ **En ander sal kom van die ooste en weste af en van noord en suid en aan die tafel sit in die koninkryk van Adonai.**

³⁰ **En, kyk, daar is [nou] laastes wat [dan] eerste sal wees, en daar is [nou] eerstes wat [dan] laaste sal wees.**

Klag oor Jerusalem

³¹ Dieselfde dag het sommige van die Fariseërs na Hom toe gekom en vir Hom gesê: Gaan weg en vertrek hiervandaan, want Herodes wil U om die lewe bring.

³² En Hy het vir hulle gesê: **Gaan vertel vir daardie [skelm, uitgelsape, sku en lafhartige] jakkals {Gee aandag!}, Kyk, vandag en môre dryf Ek demone uit en maak mense gesond, en op die derde dag sal ek my werk klaarmaak {my doel bereik}.**

³³ Nevertheless I must walk today and tomorrow and the day following, for it cannot be that a prophet perish out of Jerusalem.

³⁴ O Jerusalem, Jerusalem, which kills the prophets and stones those that are sent unto thee, how often would I have gathered thy children together as a hen gathers her brood under her wings, and ye would not!

³⁵ Behold, your house is left unto you desolate; and verily I say unto you, Ye shall not see me until the time comes when ye shall say, Blessed is he that comes in the name of the Lord.

Healing of a Man on the Sabbath

14 And it came to pass as he went into the house of one of the princes of the Pharisees to eat bread on the sabbath day that they watched him.

² And, behold, there was a certain man before him who had the dropsy.

³ And Jesus, answering, spoke unto the lawyers and Pharisees, saying, Is it lawful to heal on the sabbath day?

⁴ And they were silent. And he took him and healed him and dismissed him

⁵ and answered them, saying, Which of you shall have an ass or an ox fallen into a pit and will not straightway pull him out on the sabbath day?

⁶ And they could not answer him as to these things.

The Parable of the Wedding Feast

⁷ And observing how they chose the first seats at the table, he put forth a parable to those who were invited, saying unto them,

³³ Nietemin, Ek moet vandag en môre en die volgende dag verder gaan, want dit kan nie gebeur dat 'n profet buite Jerusalem omkom nie.

³⁴ O Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en dié stenig wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaar maak, maar jy wou nie!

³⁵ Kyk, jou huis lê in verwoesting [verlate, oorgelewer aan gebrek van Adonai se hulp]; en voorwaar Ek sê vir julle, Julle sal My sekerlik nie sien totdat die tyd kom wanneer julle sal sê, Geseënd is Hy wat kom in die Naam van Adonai. [Ps 118:26; Jer 22:5]

Genesing van Man op Sabbat

14 En toe Hy in die huis van een van die vooraanstaande Fariseërs ingegaan het om daar brood te eet op die Sabbat, het hulle Hom fyn dopgehou.

² En daar was voor Hom 'n man wat watersug {*liggaam was met vloeistof geswel*} gely het.

³ En Yahshua het geantwoord en aan die wetgeleerdes en Fariseërs {*Torah spesialiste*} gesê: **Is dit geoorloof om op die sabbat te genees** {*laat die Torah toe om op die sabbat te genees*}?

⁴ Maar hulle het stilgebly. Toe het Hy hom geneem en gesond gemaak en hom laat gaan

⁵ en Hy het geantwoord en vir hulle gesê, **Wie van julle se** [*seun of esel of os wat in 'n put geval het, sal dit nie dadelik op die Sabbatdag uitrek nie*?

⁶ En hulle kon Hom nie daarop antwoord nie.

Die Gelykenis van die Huweliksfees

⁷ En toe Hy merk hoe hulle die voorste plekke by die tafel uitkies, het Hy aan die genooies 'n gelykenis vertel en vir hulle gesê,

⁸ When thou art called to a wedding by anyone, do not sit down in the highest place, lest a more honourable man than thou be invited of him,

⁹ and he that called thee and him come and say to thee, Give this man place, and thou begin with shame to have the lowest place.

¹⁰ But when thou art called, go and sit down in the lowest place that when he that invited thee comes, he may say unto thee, Friend, come up higher; then shalt thou have glory in the presence of those that sit at the table with thee.

¹¹ For whosoever exalts himself shall be abased, and he that humbles himself shall be exalted.

The Parable of the Great Banquet

¹² Then said he also to him that invited him, When thou makest a dinner or a supper, call not thy friends nor thy brethren, neither thy kinsmen nor thy rich neighbours, lest they also invite thee again, and a recompense be made thee.

¹³ But when thou makest a banquet, call the poor, the maimed, the lame, the blind,

¹⁴ and thou shalt be blessed, for they cannot recompense thee; for thou shalt be recompensed at the resurrection of the just.

¹⁵ And when one of those that sat at the table with him heard these things, he said unto him, Blessed is he that shall eat bread in the kingdom of God.

¹⁶ Then said he unto him, A certain man made a great supper and called many

⁸ Wanneer jy deur iemand na 'n bruilof uitgenooi word, moenie die voorste plek inneem nie [*in die ereplekke nie*], ingeval daar dalk 'n meer waardiger persoon as jy deur hom uitgenooi is, [Spr 25:6-7]

⁹ en hy, wat jou en vir hom genooi het, kom en sê vir jou, Maak plek vir hierdie man, en dan sal jy met skaamte die agterste plek gaan inneem.

¹⁰ Maar wanneer jy genooi word, gaan en neem die agterste plek in, sodat wanneer hy wat jou genooi het kom, hy vir jou kan sê, Vriend, gaan hoër op; dan sal jy eer hê voor die wat saam met jou aan tafel is.

¹¹ Want elkeen wat homself verhoog, sal verlaag word [*onder geskik aan ander wees wat vereer en beloon is*], en wat homself verneder [*'n beskeie mening oor homself hou en dienooreenkomstig optree*], sal verhoog word [*in rangorde verhef word*].

Gelykenis van die Groot Maaltyd

¹² En Hy hy toe ook vir die man wat Hom genooi het, gesê, **Wanneer jy 'n middag of 'n aand maaltyd gee**, moenie jou vriende nooi nie, of jou broers of bloedverwante of ryk bure nie, sodat hulle jou nie miskien ook eendag weer uitnoui en jy vergelding ontvang nie.

¹³ Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes,

¹⁴ en jy sal geseënd [*gelukkig, voorspoedig en beny*] wees, omdat hulle niks het om jou mee te vergoed {*terug te betaal nie*} nie; want jy sal vergoed word met die opstanding van die regverdiges.

¹⁵ En toe een wat saam aan tafel was, dit hoor, het hy vir Hom gesê, Geseënd [*gelukkig, voorspoedig en beny*] is hy wat brood eet in die koninkryk van God.

¹⁶ Maar Hy het hom geantwoord: **'n Sekere man het 'n groot maaltyd gegee en baie mense uitgenooi**

¹⁷ and sent his slave at supper time to say to those that were called, Come, for all things are now ready.

¹⁸ And they all with one consent began to make excuse. The first said unto him, I have bought a field, and I have need to go and see it; I pray thee have me excused.

¹⁹ And another said, I have bought five yoke of oxen, and I go to prove them; I pray thee have me excused.

²⁰ And another said, I have married a wife, and therefore I cannot come.

²¹ So that slave came and showed his lord these things. Then the husband of the house, being angry, said to his slave, Go out quickly into the streets and lanes of the city and bring in here the poor and the maimed and the halt and the blind.

²² And the slave said, Lord, it is done as thou hast commanded, and yet there is room.

²³ And the lord said unto the slave, Go out into the highways and hedges and compel them to come in that my house may be filled.

²⁴ For I say unto you, That none of those men which were called shall taste of my supper.

The Cost of Discipleship

²⁵ And great multitudes went with him, and he turned and said unto them,

²⁶ If anyone comes to me and does not hate his father and mother and wife and children and brethren and sisters, and even his own life also, he cannot be my disciple.

²⁷ And whosoever does not bear his cross (Gr. stauros – stake) and come after me cannot be my disciple.

¹⁷ En op die uur van die maaltyd het hy sy slawe uitgestuur om vir die genooies te sê: Kom, want alles is nou gereed.

¹⁸ En hulle het almal eenparig begin verskoning maak. Die eerste het vir hom gesê: Ek het 'n stuk grond gekoop en dit is noodsaaklik om uit te gaan om daarna te gaan kyk; Ek vra u, verskoon my asseblief.

¹⁹ En 'n ander een het gesê: Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle nou eers uittoets. Ek vra u, verskoon my asseblief.

²⁰ En 'n ander een het gesê: Ek het 'n vrou getrou en daarom kan ek nie kom nie. [Deut 24:5]

²¹ En daardie slaaf het gekom en dié dinge aan sy heer vertel. Toe het die eienaar van die huis kwaad geword en vir sy slaaf gesê: Gaan gou uit in die strate en die gangetjies van die stad en bring die armes en verminktes en kreupeles en blindes hier in.

²² En die slaaf het gesê: Meneer, wat u beveel het, is gedoen, en daar is nog plek.

²³ Toe sê die heer vir die slaaf, Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word.

²⁴ Want ek sê vir julle dat nie een van daardie mense wat genooi is, sal van my maaltyd eet (deel hê) nie.

Die Prys van Dissipelskap

²⁵ En groot menigtes het saam met Hom gegaan, en Hy het omgedraai en vir hulle gesê,

²⁶ As iemand na My toe kom en hy haat nie (afstand doen aan) sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy nie My dissipel wees nie.

²⁷ En elkeen wat sy kruis (Gr. stauros – stok, paal) {ter dood veroordeelde stok} nie dra en agter My aan kom nie, kan nie My dissipel wees nie.

²⁸ For which of you intending to build a tower does not sit down first and count the cost, whether he has sufficient to finish it?

²⁹ Lest perhaps after he has laid the foundation and is not able to finish it, all that behold it begin to mock him,

³⁰ saying, This man began to build, and was not able to finish.

³¹ Or what king going to make war against another king does not sit down first and consult whether he is able with ten thousand to meet him that comes against him with twenty thousand?

³² Or else, while the other is yet a great way off, he sends an embassy and desires conditions of peace.

³³ So likewise, any one of you that does not forsake all that he has cannot be my disciple.

Salt Without Taste Is Worthless

³⁴ Salt is good; but if the salt has lost its savour, with what shall it be seasoned?

³⁵ It is neither good for the land, nor for the dunghill; it is cast out. He that has ears to hear, let him hear.

The Parable of the Lost Sheep

15 Then all the publicans and sinners drew near unto him to hear him.

² And the Pharisees and scribes murmured, saying, This man receives sinners and eats with them.

²⁸ Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en bereken die koste nie, of hy die middele het om dit uit te voer nie?

²⁹ sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot,

³⁰ en sê: Hierdie man het begin bou en is nie in staat om klaar te maak nie.

³¹ Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning oorlog te maak, gaan nie eers sit en beraadslaag of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie?

³² Of anders, terwyl die ander nog ver weg is, stuur hy 'n afvaardiging om vredesvoorwaardes te vra.

³³ Netso, kan niemand van julle My dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand [verwerp, aanspraak opgee, totsiens sê] te doen nie.

Sout sonder Smaak is Waardeloos

³⁴ Sout is goed; maar as die sout verslaan het (smaak verloor het), waarmee sal dit dan weer sout gemaak word (smaaklik gemaak word)?

³⁵ Dit is nie bruikbaar vir die grond of vir die ashoop nie. Hulle gooi dit buitekant weg. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.

Die Gelykenis van die Verlore Skaap

15 Toe het al die tollenaars (invorderaars van openbare belasting) en sondaars nader aan Hom gekom om na Hom te luister.

² En die Fariseërs en die skrywers (skrifgeleerdes) het baie gemurmureer en gesê: Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle.

³And he spoke this parable unto them, saying,

⁴What man of you having a hundred sheep if he lose one of them, does not leave the ninety-nine in the wilderness and go after that which is lost until he finds it?

⁵And when he has found it, he lays it on his shoulders, rejoicing.

⁶And when he comes home, he calls together his friends and neighbours, saying unto them, Rejoice with me, for I have found my sheep which was lost.

⁷I say unto you that likewise there shall be more joy in heaven over one sinner that repents than over ninety-nine just persons, who need no repentance.

The Parable of the Lost Coin

⁸Or what woman having ten drachmas, if she loses one drachma, does not light a lamp and sweep the house and seek diligently until she finds it?

⁹And when she has found it, she calls her friends and her neighbours together, saying, Rejoice with me, for I have found the drachma which I had lost.

¹⁰Likewise, I say unto you, there is joy in the presence of the angels of God over one sinner that repents.

The Parable of the Prodigal Son

¹¹And he said, A certain man had two sons;

¹²and the younger of them said to his father, Father, give me the portion of the estate that falls to me. And he divided unto them his living.

¹³And not many days after, the younger son gathered all together and took his journey into a far country and there wasted his estate with riotous living.

³En Hy het toe hierdie gelykenis aan hulle vertel en gesê,

⁴Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle verloor, laat nie die nege en negentig in die woestyn staan en gaan agter die een aan wat verlore is totdat hy dit gekry het nie?

⁵En as hy dit kry, sit hy dit met blydskap op sy skouers.

⁶En as hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: Wees bly saam met my, want ek het my skaap gekry wat verlore was.

⁷Ek sê vir julle net so sal daar meer blydskap in die hemel wees oor een sondaar wat hom bekeer [*sy gedagtes verander, verafsku sy foute en misdrywe, en besluit om 'n beter koers met sy lewe in te slaan*], as oor nege en negentig regverdige wat nie meer bekering nodig het nie.

Gelykenis van die Verlore Munstuk

⁸Of watter vrou wat tien dragmas [*elkeen gelykstaande aan 'n dagloon*] het, en een dragma verloor, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie?

⁹En as sy dit kry, roep sy haar vriende en bure bymekaar en sê: Wees saam met my bly, want ek het die dragma gekry wat ek verloor het.

¹⁰So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van Adonai oor een sondaar wat hom bekeer.

Gelykenis van die Verlore Seun

¹¹En Hy het gesê, 'n Sekere man het twee seuns gehad;

¹²en die jongste van hulle het vir sy pa gesê, Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom. En hy het die goed tussen hulle verdeel. [Deut 21:15- 17]

¹³En nie baie lank daarna nie het die jongste seun alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land. En daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe.

¹⁴And when he had spent all, there arose a mighty famine in that land; and he began to be in want.

¹⁵And he went and joined himself to a citizen of that country; and he sent him into his fields to feed swine.

¹⁶And he longed to fill his belly with the husks that the swine ate, but no one gave them unto him.

¹⁷And when he came to himself, he said, How many hired servants of my father's have abundance of bread, and I perish here with hunger!

¹⁸I will arise and go to my father and will say unto him, Father, I have sinned against heaven and before thee

¹⁹and am no longer worthy to be called thy son; make me as one of thy hired servants.

²⁰And he arose and came to his father. But when he was yet a great way off, his father saw him and was moved with compassion and ran and fell on his neck and kissed him.

²¹And the son said unto him, Father, I have sinned against heaven and in thy sight and am no longer worthy to be called thy son.

²²But the father said to his slaves, Bring forth the best robe and put it on him and put a ring on his hand and shoes on his feet

²³and bring here the fatted calf and kill it, and let us eat and be merry;

²⁴for this my son was dead and is alive again; he was lost and is found. And they began to be merry.

²⁵Now his elder son was in the field, and as he came and drew near to the house, he heard music and dancing.

²⁶And he called one of the servants and asked what these things meant.

¹⁴En toe hy alles verloor het, het daar 'n swaar hongersnood in daardie land gekom; en hy het begin gebrek ly.

¹⁵Toe het hy hom by een van die burgers van daardie land gaan voeg. En dié het hom in sy veld gestuur om varke op te pas.

¹⁶En hy het verlang om sy maag te vul met die peule wat die varke eet, en niemand het dit aan hom gegee nie. [Jer 30:14]

¹⁷Maar toe kom hy tot inkeer en sê: Hoe baie dagloners het my pa nie wat 'n oorfloed van brood het, en ek vergaan hier van honger!

¹⁸Ek sal opstaan en na my pa gaan, en ek sal vir hom sê: Pa, ek het gesondig teen die hemel en voor u

¹⁹en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u dagloners.

²⁰En hy het opgestaan en na sy pa gegaan. Maar toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen.

²¹En die seun het vir hom gesê: Pa, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun [*ek verdien dit nie om meer u seun genoem te word nie*] genoem te word nie.

²²Maar die vader het vir sy slawe gesê, Bring die beste kleed en trek dit vir hom aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete. [Gen 41:42; Sag 3:4]

²³en bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees;

²⁴want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word.

²⁵En sy oudste seun was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en 'n gedans.

²⁶En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken.

²⁷ And he said unto him, Thy brother is come, and thy father has killed the fatted calf because he has received him safe and sound.

²⁸ And he was angry and would not go in, therefore his father came out and intreated him.

²⁹ And he, answering, said to his father, Behold, these many years I have served thee, neither at any time have I transgressed thy commandment; and yet thou never gavest me a kid that I might make merry with my friends.

³⁰ But as soon as this thy son was come who has devoured thy living with harlots, thou hast killed the fatted calf for him.

³¹ And he said unto him, Son, thou art always with me, and all that I have is thine.

³² It was necessary that we should make merry and be glad, for this thy brother was dead and is alive again; he was lost and is found.

The Parable of the Dishonest Manager

16 And he said also unto his disciples, There was a certain rich man who had a steward, and the same was accused unto him that he had wasted his goods.

² And he called him and said unto him, How is it that I hear this of thee? Give an account of thy stewardship, for thou may no longer be steward.

³ Then the steward said within himself, What shall I do? for my lord takes the stewardship away from me; I cannot dig, and I am ashamed to beg.

⁴ I know what I shall do, that, when I am put out of the stewardship, they may receive me into their houses.

²⁷ En hy sê toe vir hom: U broer het gekom, en u pa het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom veilig teruggekry het.

²⁸ En hy was kwaad [*met diepgaande woede*] en wou nie binnegaan nie. Sy pa het toe uit gegaan en hom aangehoor.

²⁹ En hy het geantwoord en vir sy pa gesê: Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u opdragte verontagsaam nie; en vir my het u nooit 'n bokkie gegee nie, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie.

³⁰ Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met prostitute deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag.

³¹ En hy het vir hom gesê: Seun, jy is altyd by my, en alles wat myne is, is joune.

³² Dit is tog noodsaaklik dat ons vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en is nou weer lewendig; hy was verlore en is gevind.

Die Gelykenis van die Onerlike Bestuurder

16 En Hy het ook aan Sy dissipels gesê, Daar was 'n sekere ryk man wat 'n bestuurder gehad het, en hy was by hom aangekla omdat hy sy besittings verkwis het.

² En hy het hom geroep {*dringend beveel om voor hom te verskyn*} en vir hom gesê: Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake, want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie.

³ Toe het die bestuurder by himself gesê: Wat sal ek doen? want my heer neem die bestuurderskap van my weg. Ek kan nie spit (*hande arbeid*) nie, en ek is te skaam om te bedel.

⁴ Ek weet wat ek sal doen, sodat wanneer ek van my bestuurderskap ontslaan is, hulle [*my eienaar se*

debiteure] my in hulle huise sal ontvang.

⁵ Toe roep [*dringend beveel om voor hom te verskyn*] hy die skuldenaars van sy heer, een vir een, en sê vir die eerste: Hoeveel skuld jy aan my heer?

⁶ En hy antwoord: honderd vate {*olyf*} olie [*omtrent 3400l*]. En hy sê vir hom: Neem jou skuldbewys, gaan sit en skryf gou vyftig [*omtrent 1700l*].

⁷ Toe sê hy vir 'n ander een, En hoeveel skuld jy? En hy antwoord: honderd maat [*60 ton*] koring. Toe sê hy vir hom: Neem jou skuldbewys en skryf tagtig [*5 ton*].

⁸ En die heer het die onregverdige bestuurder geprys, omdat hy verstandig gehandel het; want die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig.

⁹ En Ek sê vir julle, maak vir julle vriende met die onregverdige mammon [*wêreldse, bedrieglike rykdom, geld, besittings*], sodat wanneer hierdie dinge misluk, hulle [*by wie julle guns ontvang het*] julle in die ewige wonings sal ontvang.

¹⁰ Hy wat getrou is in die minste, is ook getrou in baie; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook onregverdig in baie.

¹¹ As julle dan nie getrou was in die onregverdige mammon [*wêreldse, bedrieglike rykdom, geld, besittings*], nie, wie sal julle dan met ware dinge [*werklike rykdom*] vertrou?

¹² En as julle nie met 'n ander man [*of Adonai of 'n ander man*] se goed betroubaar was nie, wie sal dan aan julle iets gee om as julle eie te besit [*dit is die werklike rykdom*]?

¹³ Geen dienskneg kan twee eienaars dien nie, want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie Adonai én mammon [*rykdom, of enige iets waarin jy vertrou of staatmaak*] dien nie.

⁵ So he called each one of his lord's debtors unto him and said unto the first, How much dost thou owe unto my lord?

⁶ And he said, A hundred measures of oil. And he said unto him, Take thy bill and sit down quickly and write fifty.

⁷ Then said he to another, And how much dost thou owe? And he said, A hundred measures of wheat. And he said unto him, Take thy bill and write eighty.

⁸ And the lord commended the unjust steward because he had done discreetly; for the sons of this age are in their generation more prudent than the sons of light.

⁹ And I say unto you, Make friends unto yourselves with the mammon of unrighteousness; that, when these fail, you may be received into eternal dwellings.

¹⁰ He that is faithful with little is faithful also with much, and he that is unjust with little is unjust also with much.

¹¹ If therefore ye have not been faithful in the unrighteous mammon, who will commit to your trust the true?

¹² And if ye have not been faithful in that which is another man's, who shall give you that which is your own?

¹³ No servant can serve two masters, for either he will hate the one and love the other, or else he will hold to the one and despise the other. Ye cannot serve God and mammon.

The Law and the Kingdom of God

¹⁴ And the Pharisees also, who were covetous, heard all these things, and they derided him.

¹⁵ And he said unto them, Ye are they who justify themselves before men, but God knows your hearts, for that which is highly esteemed among men is abomination in the sight of God.

¹⁶ The law and the prophets were until John; since that time the kingdom of God is preached, and whosoever will presses into it.

¹⁷ And it is easier for heaven and earth to pass than one tittle of the law to fail.

Divorce and Remarriage

¹⁸ Whosoever puts away his wife and marries another commits adultery, and whosoever marries her that is put away of her husband commits adultery.

The Rich Man and Lazarus

¹⁹ There was a certain rich man who was clothed in purple and fine linen and fared sumptuously every day;

²⁰ and there was a certain beggar named Lazarus, who was laid at his gate, full of sores

²¹ and desiring to be fed with the crumbs which fell from the rich man's table: moreover the dogs came and licked his sores.

²² And it came to pass that the beggar died and was carried by the angels into Abraham's bosom; the rich man also died and was buried;

²³ and in Hades he lifted up his eyes, being in torments, and saw Abraham afar off and Lazarus in his bosom.

²⁴ And he cried and said, Father Abraham, have mercy on me and send Lazarus that

Die Wet en die Koninkryk van Adonai

¹⁴ En ook die Fariseërs, wat geldgierig was, het al hierdie dinge gehoor en Hom bespot [*beledigend uitgelag*].

¹⁵ En Hy het vir hulle gesê: **Dit is julle wat julself regverdig voor die mense, maar Adonai ken julle harte, want wat by die mens hoog geag word, is 'n gruwel voor Adonai.** [1 Sam 16:7; Spr 21:2]

¹⁶ **Die wet en die profete was tot en met Johannes; van toe af word die koninkryk van Adonai verkondig, en elkeen dring met geweld aan om in te gaan** [*forseer sy eie manier eerder as Adonai se manier in*].

¹⁷ **Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val.**

Egskeiding en Trou

¹⁸ **Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk, en elkeen wat weer met haar trou wat deur haar man geskei is, pleeg egbreuk.**

Die Rykman en Lasarus

¹⁹ **En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe.**

²⁰ **en daar was 'n sekere bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy hek gelê het.**

²¹ **en hy het gretig daarna verlang om met die krummels wat van die ryk man se tafel val versadig te word: maar in stede het die honde gekom en sy swere gelek.**

²² **En die bedelaar het gesterf en was deur die engele na die boesem van Abraham weggedra; die rykman het ook gesterf en was begrawe;**

²³ **en in die doderyk {Sheol} het hy sy oë opgehef, terwyl hy in smarte was, het hy Abraham van ver af gesien en Lasarus aan sy boesem.**

²⁴ **En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus,**

he may dip the tip of his finger in water and cool my tongue; for I am tormented in this flame.

²⁵ But Abraham said, Son, remember that thou in thy lifetime didst receive thy good things, and likewise Lazarus evil things; but now he is comforted here, and thou art tormented.

²⁶ And beside all this, between us and you there is a great gulf fixed, so that those who would pass from here to you cannot; neither can they pass from there to us.

²⁷ Then he said, I pray thee therefore, father, that thou would send him to my father's house,

²⁸ for I have five brethren; that he may testify unto them, lest they also come into this place of torment.

²⁹ Abraham said unto him, They have Moses and the prophets; let them hear them.

³⁰ And he said, No, father Abraham; but if one went unto them from the dead, they will repent.

³¹ And he said unto him, If they do not hear Moses and the prophets, neither will they be persuaded, even though one rose from the dead.

Temptations to Sin

17 Then he said unto the disciples, It is impossible that offenses will not come, but woe unto the one through whom they come!

² It would be better for him if a millstone turned by an ass were placed around his neck and he were cast into the sea than that he should cause one of these little ones to stumble.

³ Take heed to yourselves: If thy brother should trespass against thee, rebuke him; and if he repents, forgive him.

dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong afkoel; want ek word vreeslik in hierdie vuur gemartel.

²⁵ **Maar Abraham het geantwoord: Kind, onthou jy dat jy in jou lewe die goeie dinge ontvang het, en so ook Lasarus die slegte dinge; maar nou word hy getroos, maar jy word gemartel.**

²⁶ **En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat daar is, nie na ons kan oorkom nie.**

²⁷ **En hy het gesê: Ek bid u dan, vader, om hom na my pa se huis toe te stuur,**

²⁸ **want ek het vyf broers; dat hy aan hulle sal getuig (dringend sal waarsku), sodat hulle nie ook in hierdie plek van marteling kom nie.**

²⁹ **Abraham het vir hom gesê, Hulle het Moses en die Profete; laat hulle daarna luister.**

³⁰ **En hy sê: Nee, vader Abraham; maar as iemand uit die dood na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.**

³¹ **En hy het vir hom gesê: As hulle nie na Moses en die Profete luister nie, sal hulle ook nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.**

Versoeking om te Sondig

17 Toe het Hy vir Sy dissipels gesê: **Dit is onvermydelik dat versoekings [strik, lokval wat verlei om te sondig] sal kom, maar wee hom deur wie dit kom {wat dit veroorsaak}.**

² Dit is beter vir hom as 'n meulsteen deur 'n esel om sy nek gedraai word en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies [*laag in rangorder of invloed*] sou laat struikel.

³ **Pas op vir julleself [kyk uit vir julle self]. As jou broer teen jou sondig, [mis die teiken] bestraf hom; en as hy berou**

⁴ And if he trespasses against thee seven times in a day and seven times in a day turns again to thee, saying, I repent, thou shalt forgive him.

Increase Our Faith

⁵ And the apostles said unto the Lord, Increase our faith.

⁶ And the Lord said, If ye had faith as a grain of mustard seed, ye might say unto this sycamore tree, Pluck thyself up by the root, and plant thyself in the sea, and it would obey you.

Unworthy Servants

⁷ But which of you, having a slave plowing or feeding cattle, will say unto him by and by when he is come from the field, Go and sit down at the table?

⁸ And will not rather say unto him, Make ready wherewith I may sup and gird thyself and serve me until I have eaten and drunken, and afterward thou shalt eat and drink?

⁹ Does he thank that slave because he did the things that were commanded him? I think not.

¹⁰ So likewise ye, when ye shall have done all those things which are commanded you, say, We are unprofitable slaves: we have done that which was our duty to do.

Jesus Cleanses Ten Lepers

¹¹ And it came to pass as he went to Jerusalem that he passed through the midst of Samaria and Galilee.

¹² And as he entered into a certain village, ten men that were lepers met him, who stood afar off

kry [*jammer voel oor hy gesondig het*], vergewe hom.

⁴ En as hy sewe maal op 'n dag teen jou sondig en sewe maal op 'n dag na jou terugkom en sê: Ek het berou [*ek is jammer*], moet jy hom vergewe [*gee op enige wrok en beskou die misdryf as terug getrek en ongeldig – dit het geen wetlike reg meer nie*].

Verhoog jou Geloof

⁵ En die apostels het aan YHWH gesê: Gee ons meer geloof [*daardie vertrou en sekerheid wat kom uit ons geloof vir Adonai*].

⁶ En YHWH het gesê: As julle geloof het [*vertroue en sekerheid in Adonai*] soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Trek jou met wortel en al uit die grond uit en plant jouself in die see, en dit sou julle gehoorsaam.

Onwaardige Diensknegte

⁷ Maar wie van julle wat 'n slaaf het wat ploeg of vee oppas, sal vir hom sê as hy van die veld af inkom, Gaan en sit aan die tafel?

⁸ En sal jy nie eerder vir hom sê: Maak gereed vir my om te eet en omgord jou (*trek aan*) en bedien my totdat ek geëet en gedrink het, en daarna kan jy eet en drink?

⁹ Bedank hy daardie slaaf omdat hy die dinge gedoen het wat aan hom beveel was? Ek dink nie so nie.

¹⁰ So eweneens julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel was, sê dan, Ons is onverdienstelike slawe [*het geen meriete nie, want ons het nie verby ons verpligtinge beweeg nie*]: want ons het net gedoen wat ons plig was om te doen.

Yahshua Reinig Tien Melaatse Mans

¹¹ En op Sy reis na Jerusalem het Hy deur Samaria en Galilea gegaan.

¹² En toe Hy in 'n sekere dorp ingaan, het tien melaatse mans Hom tegemoet gekom, terwyl hulle op 'n afstand bly staan het

¹³ and lifted up their voices and said, Jesus, Master, have mercy on us.

¹⁴ When he saw them, he said unto them, Go show yourselves unto the priests. And it came to pass that as they went, they were cleansed.

¹⁵ Then one of them, when he saw that he was healed, turned back and with a loud voice glorified God

¹⁶ and fell down on his face at his feet, giving him thanks; and he was a Samaritan.

¹⁷ And Jesus answering said, Were there not ten cleansed? but where are the nine?

¹⁸ Were there not found any returning to give glory to God, except this stranger?

¹⁹ And he said unto him, Arise, go; thy faith has saved thee.

The Coming of the Kingdom

²⁰ And when he was asked of the Pharisees when the kingdom of God should come, he answered them and said, The kingdom of God does not come with observation;

²¹ neither shall they say, Behold it here! or, Behold it there! for, behold, the kingdom of God is within you.

²² And he said unto the disciples, The days will come when ye shall desire to see one of the days of the Son of man, and ye shall not see it.

²³ And they shall say to you, Behold it here, or, Behold it there; do not go, nor follow them.

²⁴ For as the lightning, which shines from the region under heaven, shines in that which is under heaven; so also shall the Son of man be in his day.

²⁵ But first he must suffer many things and be rejected of this generation.

¹³ en hulle het hul stemme gehef en gesê: Yahshua, Meester, wees ons genadig.

¹⁴ En toe Hy hulle sien, het Hy vir hulle gesê: Gaan wys julle aan die priesters. En onderwyl hulle weggaan het, het hulle rein geword. [Lev 14:2-31]

¹⁵ Toe het een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, omgedraai en Adonai met 'n groot stem verheerlik.

¹⁶ en het op sy aangesig voor Sy voete neergeval en Hom gedank; en hy was 'n Samaritaan.

¹⁷ Toe het Yahshua geantwoord en gesê: Was daar dan nie tien wat gereinig was nie? maar waar is die nege?

¹⁸ Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om Adonai te verheerlik nie behalwe hierdie vreemdeling nie?

¹⁹ En Hy het vir hom gesê, Staan op, gaan; jou geloof [*jou vertrou en sekerheid wat voortspruit uit jou geloof in Adonai*] het jou gered.

Die koms van die Koninkryk

²⁰ En toe Hy deur die Fariseërs gevra was wanneer die koninkryk van Adonai sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van Adonai kom nie met sigbare tekens nie;

²¹ ook nie sal hulle sê: Kyk hier! of, Kyk daar! nie, want kyk, die koninkryk van Adonai is binne-in julle [*in julle harte*].

²² En Hy het vir Sy dissipels gesê, Die dae sal kom wanneer julle sal begeer om een van die dae die Seun van die mens te sien, en julle sal dit nie sien nie.

²³ En hulle sal vir julle sê: Kyk hier! of: Kyk daar! Moenie gaan nie en moenie agterna loop nie.

²⁴ Want soos die weerlig wat van die een kant onder die hemel blits en tot by die ander kant onder die hemel skyn, so sal die Seun van die mens ook in Sy dag wees.

²⁵ Maar eers moet Hy baie ly en deur hierdie generasie verwerp word.

²⁶ And as it was in the days of Noah, so shall it be also in the days of the Son of man.

²⁷ They ate, they drank, they married wives, they were given in marriage until the day that Noah entered into the ark, and the flood came and destroyed them all.

²⁸ Likewise also as it was in the days of Lot; they ate, they drank, they bought, they sold, they planted, they built;

²⁹ but the same day that Lot went out of Sodom it rained fire and brimstone from heaven and destroyed them all.

³⁰ Even thus shall it be in the day when the Son of man is revealed.

³¹ In that day, he who shall be upon the housetop and his stuff in the house, let him not come down to take it away; and he that is in the field, let him likewise not turn back.

³² Remember Lot's wife.

³³ Whosoever shall seek to save his soul shall lose it, and whosoever shall lose it shall cause it to live.

³⁴ I tell you in that night there shall be two men in one bed: the one shall be taken, and the other shall be left.

³⁵ Two women shall be grinding together: the one shall be taken, and the other left.

³⁶ Two men shall be in the field; the one shall be taken, and the other left.

³⁷ And they answered and said unto him, Where, Lord? And he said unto them, Where the body is, there will the eagles be gathered together.

²⁶ En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens:

²⁷ Hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en het in die huwelik getree tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed het gekom en almal vernietig. [Gen 6:5-8; 7:6-24]

²⁸ Eweneens, net soos dit in die dae van Lot was; het hulle geëet en gedrink, gekoop en verkoop, het hulle geplant en gebou;

²⁹ Maar op dieselfde dag toe Lot van Sodom uitgaan, het dit vuur en swavel van die hemel af gereën en almal vernietig.

³⁰ Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word. [Gen 18:20-33; 19:24-25]

³¹ In daardie dag, moet hy wat op die dakstoep sit, terwyl sy besittings in sy huis is, nie afkom om dit te gryp nie; en hy wat op die land is, eweneens nie omdraai na wat agter is nie.

³² Onthou Lot se vrou. [Gen 19:26]

³³ Elkeen wat probeer om sy lewe te red, sal dit verloor, en elkeen wat dit verloor, sal dit behou.

³⁴ Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees: die een sal saam geneem word en die ander een agter gelaat word.

³⁵ Twee vroue sal saam maal: die een sal saam geneem word en die ander een sal agter gelaat word.

³⁶ Twee sal op die land wees; die een sal saam geneem word en die ander een sal agter gelaat word.

³⁷ En hulle het geantwoord en vir Hom gesê: Waar, YHWH? En Hy het vir hulle gesê: Waar die [dooie] liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.

The Parable of the Persistent Widow

18 And he spoke a parable unto them to this end, that it behooves us always to pray and not faint,

² saying, There was in a city a judge who did not fear God nor regard man;

³ and there was a widow in that city, and she came unto him, saying, Defend me from my adversary.

⁴ And he would not for a while, but afterward he said within himself, Though I do not fear God, nor regard man,

⁵ yet because this widow troubles me, I will do her justice, lest by her continual coming she weary me.

⁶ And the Lord said, Hear what the unjust judge says.

⁷ And shall not God avenge his own elect who cry day and night unto him though he bears long regarding them?

⁸ I tell you that he will avenge them speedily. Nevertheless when the Son of man comes, shall he find faith on the earth?

The Pharisee and the Tax Collector

⁹ And he spoke this parable unto some who trusted in themselves that they were righteous and despised others:

¹⁰ Two men went up into the temple to pray, the one a Pharisee, and the other a publican.

Die Gelykenis van die Volgehoute Weduwee

18 En Hy het hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie [*gee moed op*],

² en gesê: Daar was 'n regter in 'n stad wat Adonai nie gevrees het nie en geen mens ontsien het nie;

³ en daar was 'n weduwee in daardie stad, en sy het na hom gekom en gesê, Verdedig [*beskerm, gee my geregtigheid*] my teenoor my teëparty.

⁴ En vir 'n lang tyd wou hy nie; maar daarna het hy by homself gesê: Al vrees ek Adonai nie en al ontsien ek ook geen mens nie,

⁵ tog sal ek, omdat hierdie weduwee my aanhoudend pla, aan haar reg doen, sodat sy nie eendelik met haar aanhoudende geklaag my gedaan maak nie.

⁶ En YHWH het gesê: Hoor wat die onregverdige regter sê.

⁷ En sal Adonai dan nie reg doen aan Sy oorblywendes² wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?

⁸ Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen. Nietemin wanneer die Seun van die mens kom, sal Hy wel [*volharding in*] geloof op die aarde vind?

Die Fariseërs en die Belasting Invorderaars

⁹ En Hy het hierdie gelykenis ook aan sommiges vertel wat op hulleself vertrou het dat hulle regverdig [*hulle wat morele beginsels volg en wat in regte verhouding met God staan*] was en die ander verag het:

¹⁰ Twee mans het na die tempel gegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar (*invorderaars van openbare belasting*).

² Grieks "eklektos" by implikasie gunsteling; gekies; oorblywendes van Israel / Griek "eklektos" by implication favort, choses elect; survivors of Israel

¹¹ The Pharisee stood and prayed thus with himself, God, I thank thee that I am not as other men are: extortioners, unjust, adulterers, or even as this publican.

¹² I fast two meals every sabbath; I give tithes of all that I possess.

¹³ And the publican, standing afar off, would not lift up so much as his eyes unto heaven, but smote upon his breast, saying, God, reconcile me, a sinner.

¹⁴ I tell you, this man went down to his house justified rather than the other; for anyone that exalts himself shall be humbled, and he that humbles himself shall be exalted.

Let the Children Come to Me

¹⁵ And they brought unto him also infants that he would touch them; but when his disciples saw it, they rebuked them.

¹⁶ But Jesus called them unto him and said, Suffer the little children to come unto me and forbid them not, for of such is the kingdom of God.

¹⁷ Verily I say unto you, Whosoever shall not receive the kingdom of God as a little child shall in no wise enter therein.

The Rich Ruler

¹⁸ And a certain prince asked him, saying, Good Master, what shall I do to inherit eternal life?

¹⁹ And Jesus said unto him, Why dost thou call me good? No one is good except one, that is, God.

²⁰ Thou knowest the commandments, Thou shalt not commit adultery, Thou shalt not murder, Thou shalt not steal,

¹⁵ And he said unto them, With desire I have greatly desired to eat this passover lamb with you before I suffer;

¹⁶ for I say unto you, I will not eat any more thereof until it is fulfilled in the kingdom of God.

¹⁷ And taking the cup, having given thanks, he said, Take this, and divide it among yourselves,

¹⁸ for I say unto you, I will not drink again of the fruit of the vine until the kingdom of God shall come.

¹⁹ And taking bread, having given thanks, he broke it and gave unto them, saying, This is my body which is given for you; do this in remembrance of me.

²⁰ Likewise also he took and gave them the cup after supper, saying, This cup is the new testament in my blood, which is shed for you.

²¹ But with all this, behold, the hand of him that betrays me is with me on the table.

²² And truly the Son of man goes as it was determined; but woe unto that man by whom he is betrayed!

²³ And they began to enquire among themselves, which of them it was that should do this thing.

Who Is the Greatest?

²⁴ And there was also a contention among them, which of them should be accounted the greatest.

²⁵ Then he said unto them, The kings of the Gentiles exercise lordship over them, and those that exercise authority upon them are called well-doers.

Instelling van die Nagmaal

¹⁴ En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom.

¹⁵ En Hy het vir hulle gesê: **Met begeerte het ek baie sterk daarna verlang om hierdie pasgalam (paasmaalyd) saam met julle te eet voordat Ek ly;**

¹⁶ **want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie weer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie.**

¹⁷ En toe het Hy 'n beker geneem, gedank Hy gesê: **Neem dit en deel dit onder julle.**

¹⁸ **want Ek sê vir julle, Ek sal nie weer van die vrug van die wynstok drink voordat die koninkryk van Adonai gekom het nie.**

¹⁹ Daarop het Hy brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en dit aan hulle gegee en gesê: **Dit is My liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot My gedagtenis.**

²⁰ Net so het Hy ook die beker ná die maalyd geneem en gesê: **Hierdie beker is die nuwe testament in My bloed wat vir julle uitgestort word.**

²¹ **Maar kyk, die hand van hom wat My verraai, is by My aan tafel.** [Ps 41:9]

²² **En waarlik die Seun van die mens gaan wel heen volgens wat bepaal is; maar wee daardie man deur wie Hy verraai word!**

²³ En toe het hulle onder mekaar begin vra wie van hulle dit tog kon wees wat dit sou doen. [Ps 41:9]

Wie is die Belangrikste

²⁴ En daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle as die belangrikste geag moet word.

²⁵ En Hy het vir hulle gesê: **Die konings van die heidene heers oor hulle [heers as keiser-gode], en die wat outoriteit oor hulle uitvoer word weldoeners genoem.**

²⁶ But ye shall not be so, but he that is greatest among you, let him be as the younger; and he that is prince, as he that doth serve.

²⁷ For who is greater, he that sits at the table or he that serves? Is it not he that sits at the table? But I am among you as he that serves.

²⁸ But ye are those who have continued with me in my temptations.

²⁹ And I appoint unto you a kingdom as my Father has appointed unto me;

³⁰ that ye may eat and drink at my table in my kingdom and sit on thrones judging the twelve tribes of Israel.

Jesus Foretells Peter's Denial

³¹ And the Lord said, Simon, Simon, behold, Satan has desired to have you that he may sift you as wheat;

³² but I have prayed for thee that thy faith fail not; and when thou art converted, strengthen thy brethren.

³³ And he said unto him, Lord, I am ready to go with thee, both into prison and to death.

³⁴ And he said, I tell thee, Peter, thou shalt deny three times that thou knowest me before the cock shall crow this day.

Scripture Must Be Fulfilled in Jesus

³⁵ And he said unto them, When I sent you without purse and provision bag and shoes, lacked ye anything? And they said, Nothing.

³⁶ Then he said unto them, But now, he that has a purse, let him take it and likewise his provision bag; and he that

²⁶ **Maar so moet julle nie wees nie, maar die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees; en wie 'n leier is, soos een wat dien.**

²⁷ **Want wie is die belangrikste, die een wat aan tafel sit, of die een wat dien? Is dit nie hy wat aan tafel sit nie? Maar Ek is onder julle soos een wat dien.**

²⁸ **Maar julle is die mense wat in My beproewings altyddeur by My gebly het.**

²⁹ **En Ek bemaak vir julle 'n koninkryk net soos My Vader dit aan My bemaak het;**

³⁰ **sodat julle kan eet en drink aan My tafel in My koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel.**

Yahshua Kondig aan dat Petrus Hom sal Verloën

³¹ En YHWH het gesê: **Simon, Simon [Petrus], kyk, Satan begeer {dring daarop aan} om julle in die hande te kry {vir homself} [uit die krag en bewaring van Adonai] om julle soos koring te sif;**

³² **maar Ek bid vir jou, dat jou geloof jou nie sal begewe nie; en as jy eendag weer tot inkeer {beking} gekom het, moet jy jou broers versterk.** [Job 1:6-12; Amos 9:9]

³³ En hy het vir Hom gesê, YHWH, ek is gereed om saam met U in die tronk en selfs in die dood in te gaan.

³⁴ En Hy het geantwoord: **Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vannag nie kraai voordat jy My drie maal verloën het deur te sê dat jy My nie ken nie.**

Skrifte moet in Yahshua Vervul Word

³⁵ En Hy het vir hulle gesê: **Toe Ek julle uitgestuur het sonder beursie en reissak en skoene, het julle iets kortgekomp? En hulle het geantwoord: Niks nie.**

³⁶ Toe het Hy vir hulle gesê: **Maar nou, wie 'n beursie het, laat hom dit neem en so ook die reissak; en hy wat geen**

has no sword, let him sell his garment and buy one.

³⁷ For I say unto you that this that is written must yet be accomplished in me, And he was reckoned among the transgressors; for the things written concerning me have a fulfillment.

³⁸ Then they said, Lord, behold, here are two swords. And he said unto them, It is enough.

Jesus Prays on the Mount of Olives

³⁹ And he came out and went as he was wont to the mount of Olives, and his disciples also followed him.

⁴⁰ And when he was at the place, he said unto them, Pray that ye enter not into temptation.

⁴¹ And he withdrew from them about a stone's cast and kneeled down and prayed,

⁴² saying, Father, if thou be willing, remove this cup from me; nevertheless not my will, but thine, be done.

⁴³ And there appeared an angel unto him from heaven, strengthening him.

⁴⁴ And being in agony, he prayed more earnestly; and his sweat was as it were great drops of blood falling down to the ground.

⁴⁵ And when he rose up from prayer and was come to his disciples, he found them sleeping for sorrow

⁴⁶ and said unto them, Why sleep ye? rise and pray, lest ye enter into temptation.

Betrayal and Arrest of Jesus

⁴⁷ And while he yet spoke, behold a multitude, and he that was called Judas, one of the twelve, went before them and drew near unto Jesus to kiss him.

swaard het nie, laat hy sy klere verkoop en een gaan koop.

³⁷ **Want Ek sê vir julle dat dit wat geskrywe is, moet nog in My vervul word, En Hy is saam met misdadigers gereken; want ook die dinge wat aangaande My neergeskryf is, het ook 'n vervulling (einde).** [Jes 53:12]

³⁸ Hulle het vir Hom gesê: YHWH, kyk hier is twee swaarde. En Hy het hulle geantwoord: **Dit is genoeg.**

Yahshua Bid op die Olyfberg

³⁹ En Hy het vertrek en volgens gewoonte na die Olyfberg gegaan en Sy dissipels het Hom ook gevolg.

⁴⁰ En toe Hy op die plek kom, het Hy vir hulle gesê, **Bid dat julle nie in versoeking kom nie.**

⁴¹ En Hy het Hom van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi, en neergekniel en gebid,

⁴² en gesê: **Vader, as U wil, verwyder tog hierdie beker van My af; nogtans nie My wil nie, maar laat U wil geskied.**

⁴³ En daar het 'n engel uit die hemel aan Hom verskyn en Hom versterk.

⁴⁴ En Hy het in doodsangs geraak en het met nog groter inspanning gebid, en Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val.

⁴⁵ En toe Hy van gebed af opstaan en by Sy dissipels kom, het Hy hulle aan die slaap van droefheid gevind

⁴⁶ en Hy het vir hulle gesê: **Wat slaap julle? Staen op en bid, dat julle nie in versoeking kom nie.**

Yahshua word Verraai en Gevangeneem

⁴⁷ En terwyl Hy nog praat, het daar 'n skare aangekom; en hy wat Judas genoem word, een van die twaalf, het voor hulle uit geloop en nader aan Yahshua gekom om Hom te soen.

⁴⁸ But Jesus said unto him, Judas, betrayest thou the Son of man with a kiss?

⁴⁹ When those who were about him saw what would follow, they said unto him, Lord, shall we smite with the sword?

⁵⁰ And one of them smote the slave of the prince of the priests and cut off his right ear.

⁵¹ And Jesus answered and said, Suffer ye thus far. And he touched his ear and healed him.

⁵² Then Jesus said unto the princes of the priests and captains of the temple and the elders, who were come to him, Are ye come out as against a thief with swords and staves?

⁵³ When I was daily with you in the temple, ye stretched forth no hands against me; but this is your hour, and the power of darkness.

Peter Denies Jesus

⁵⁴ Then they took him and led him and brought him into the house of the prince of the priests. And Peter followed afar off.

⁵⁵ And when they had kindled a fire in the midst of the hall and were set down together, Peter sat down among them.

⁵⁶ But a certain maid beheld him as he sat by the fire and earnestly looked upon him and said, This man was also with him.

⁵⁷ And he denied him, saying, Woman, I know him not.

⁵⁸ And after a little while another saw him and said, Thou art also of them. And Peter said, Man, I am not.

⁵⁹ And about the space of one hour after, another confidently affirmed, saying, Of a truth this fellow also was with him, for he is a Galilaean.

⁴⁸ En Yahshua het vir hom gesê: **Judas, verrai jy die Seun van die mens met 'n soen?**

⁴⁹ En toe die wat rondom Hom was, sien wat gaan gebeur, het hulle vir Hom gesê: YHWH, moet ons met die swaard slaan?

⁵⁰ En een van hulle slaan toe na die slaaf van die hoëpriester en kap sy regteroor af.

⁵¹ En Yahshua het geantwoord en gesê: **Ly julle tot dusver.** En Hy het sy oor aangeraak en hom gesond gemaak.

⁵² Toe het Yahshua vir die priesterhoofde en offisiere (Kapteins) van die tempelwag en ouderlinge [*van die Sanhedrin*] wat teen Hom gekom het gesê: **Kom julle uit soos teen 'n rower met swaarde en stokke?**

⁵³ **Toe Ek daagliks saam met julle in die tempel was, het julle nie enige hand teen My uitgesteek nie; maar dit is julle uur, en die krag van duisternis {die uur wanneer duisternis heers}.**

Petrus Verraai Yahshua

⁵⁴ En hulle het Hom gevange geneem en weggelei en Hom in die huis van die hoëpriester gebring. En Petrus het van ver af gevolg.

⁵⁵ En toe hulle 'n vuur in die middel van die binneplaas van die paleis gemaak het en bymekaar gaan sit het, het Petrus onder hulle gesit.

⁵⁶ Maar 'n sekere diensmeisie het hom daar by die vuur sien sit; en ernstig na hom gekyk, en gesê: Hierdie man was ook saam met Hom.

⁵⁷ Maar hy het Hom verloën en gesê: Vrou, ek ken Hom nie.

⁵⁸ En kort daarna het iemand anders hom gesien en gesê: Jy is ook een van hulle. Maar Petrus het gesê: Man, ek is nie.

⁵⁹ En ná verloop van omtrent een uur het 'n ander een met beslistheid beweer en gesê, Sowaar, hierdie man was ook saam met Hom, want hy is ook 'n Galileër.

⁶⁰ And Peter said, Man, I know not what thou sayest. And immediately while he yet spoke, the cock crew.

⁶¹ Then the Lord turned and looked upon Peter. And Peter remembered the word of the Lord how he had said unto him, Before the cock crows, thou shalt deny me three times.

⁶² And Peter went out and wept bitterly.

Jesus Is Mocked

⁶³ And the men that held Jesus mocked him and smote him.

⁶⁴ And when they had blindfolded him, they struck him on the face and asked him, saying, Prophesy, who is it that smote thee?

⁶⁵ And they spoke many other things blasphemously against him.

Jesus Before the Council

⁶⁶ And as soon as it was day, the elders of the people and the princes of the priests and the scribes came together and led him into their council, saying,

⁶⁷ Art thou the Christ? tell us. And he said unto them, If I tell you, ye will not believe;

⁶⁸ and if I also ask you, ye will not answer me nor let me go;

⁶⁹ but from now on the Son of man shall sit on the right hand of the power of God.

⁷⁰ Then they all said, Art thou then the Son of God? And he said unto them, Ye say that I AM.

⁷¹ And they said, What need we any further witness? for we ourselves have heard of his own mouth.

⁶⁰ En Petrus het geantwoord: Man, ek weet nie wat jy sê nie. En onmiddellik, terwyl hy nog gepraat het, het die haan gekraai.

⁶¹ Toe YHWH omgedraai en na Petrus gekyk. En Petrus het die woord van YHWH onthou wat Hy vir hom gesê het: **Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.**

⁶² En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil [*dis is, met pynlike hartseer*].

Yahshua word Bespot

⁶³ En die manne wat Yahshua bewaak het, het Hom bespot en geslaan.

⁶⁴ En hulle het Hom geblinddoek en Hom in die gesig geslaan en Hom gevra en gesê, Profeteer wie dit is wat U geslaan het.

⁶⁵ En baie ander dinge het hulle lasterlik teen Hom gespreek.

Yahshua verskyn voor die Raad

⁶⁶ En toe dit dag word, het die ouderlinge [*van die Sanhedrin*] die priestershoofde en skrywers [*skrifgeleerdes*] bymekaar gekom en Hom voor hulle Raad gebring, en gesê,

⁶⁷ Is U die Christus [*die Messiah*]? sê vir ons. En Hy het hulle geantwoord, **As Ek vir u sê, sal u tog nie glo nie** [*vertrou in, kleef aan en staatmaak op wat Ek sê*];

⁶⁸ **en as Ek julle ook vra, sal u My tog nie antwoord of loslaat nie;**

⁶⁹ **maar van nou af sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van Adonai sit.** [Ps 110:1]

⁷⁰ Toe het hulle almal gesê, Is U dan die Seun van Adonai? En Hy het hulle geantwoord: **U sê dat Ek is.**

⁷¹ En hulle het gesê: Het ons nog enige verdere getuienis nodig? want ons het dit self uit Sy mond gehoor.

Jesus Before Pilate

23 And the whole multitude of them arose and led him unto Pilate.

² And they began to accuse him, saying, We found this fellow perverting the nation and forbidding to give tribute to Caesar, saying that he himself is Christ a King.

³ Then Pilate asked him, saying, Art thou the King of the Jews? And he answered him and said, Thou sayest it.

⁴ Then said Pilate to the princes of the priests and to the people, I find no fault in this man.

⁵ And they were the more fierce, saying, He stirs up the people, teaching throughout all Judea, beginning from Galilee to this place.

Jesus Before Herod

⁶ When Pilate heard of Galilee, he asked whether the man were a Galilaean.

⁷ And as soon as he knew that he belonged unto Herod's jurisdiction, he sent him to Herod, who himself also was at Jerusalem at that time.

⁸ And when Herod saw Jesus, he was exceeding glad, for he was desirous to see him of a long season because he had heard many things of him, and he hoped to see some sign done by him.

⁹ Then he questioned with him in many words, but he answered him nothing.

¹⁰ And the princes of the priests and the scribes stood and vehemently accused him.

¹¹ And Herod with his court despised him and mocked him and arrayed him in a

Yahshua verskyn voor Pilatus

23 En die hele menigte van hulle het opgestaan en Hom na Pilatus gelei.

² En hulle het Hom begin beskuldig en gesê: Ons het gevind dat hierdie man die nasie mislei [*verlei en wegdraai*] {*ontwortel, ondergrawe, vernietig*} en hulle verbied om aan die keiser belasting te betaal, terwyl Hy sê dat Hy self Christus, [*die Messias, Gesalfde Een*] die Koning, is.

³ Toe het Pilatus Hom gevra en gesê: Is U die Koning van die Jode? En Hy het hom geantwoord en gesê: **U sê dit.**

⁴ En Pilatus vir die priesterhoofde en die skare gesê: Ek vind geen skuld in hierdie man nie.

⁵ Maar hulle het sterker aangehou {*volgehou*} en gesê: Hy stook die mense op met Sy leer deur die hele Judea deur, vandat Hy in Galilea begin het en tot hier daarmee gekom.

Yahshua Verskyn voor Herodes

⁶ En toe Pilatus van Galilea hoor, het hy gevra of die Man 'n Galileër was.

⁷ En nadat hy verneem het dat Hy van die magsgebied van Herodes was, het hy Hom na Herodes [*'n hoër outoriteit*] gestuur wat self ook in daardie dae in Jerusalem was.

⁸ En toe Herodes Yahshua sien, was hy baie bly, want hy was al geruime tyd begerig om Hom te sien, omdat hy baie dinge van Hom gehoor het, en hy het gehoop om een of ander teken [*paar treffende bewyse of skouspelagtige vertoning*] te sien wat deur Hom gedoen sou word.

⁹ En hy het Hom met baie woorde uitgevra, maar Hy het hom geen antwoorde gegee nie. [Jes 53:7]

¹⁰ En die priesterhoofde en die skrywers [*skrifgeleerdes*] het Hom heftig staan en beskuldig.

¹¹ En Herodes het saam met sy soldate Hom met veragting behandel en bespot en 'n deftige kleed om Hom laat hang en

gorgeous robe and sent him again to Pilate.

¹² And the same day Pilate and Herod were made friends together, for before they were at enmity between themselves.

¹³ Then Pilate, calling together the princes of the priests and the rulers and the people,

¹⁴ said unto them, Ye have brought this man unto me as one that perverts the people; and, behold, I, having examined him before you, have found no fault in this man touching those things of which ye accuse him;

¹⁵ no, nor yet Herod, for I sent you to him; and, behold, he has done nothing worthy of death.

¹⁶ I will therefore chastise him and release him.

¹⁷ (For of necessity he must release one unto them at the feast.)

Pilate Delivers Jesus to Be Crucified

¹⁸ And they cried out all at once, saying, Away with this man, and release unto us Barabbas

¹⁹ (who for a certain sedition made in the city and for murder was cast into prison).

²⁰ Pilate therefore, willing to release Jesus, spoke again to them.

²¹ But they cried, saying, crucify him, crucify him. [Gr. stauroo — hang him on a stake]

²² And he said unto them the third time, Why, what evil has he done? I have found no cause of death in him; I will therefore chastise him and let him go.

²³ And they insisted with loud voices, asking that he be crucified. And the voices of them and of the princes of the priests prevailed.

Hom na Pilatus toe terug gestuur. [Jes 53:7]

¹² En Pilatus en Herodes het op daardie selfde dag goeie vriende geword, want hulle was vantevore in vyandskap teenoor mekaar.

¹³ Toe roep Pilatus die priesterhoofde en die lede van die Joodse Raad en die mense bymekaar,

¹⁴ en het vir hulle gesê, Julle het hierdie man na my gebring as een wat die mense afvallig maak; en, kyk, Ek het in julle teenwoordigheid die saak ondersoek, en ek het in hierdie man geen skuld [*misdaad of skuldgevoelens*] gevind aan die dinge waarvan julle Hom beskuldig het nie;

¹⁵ nee, ook nie Herodes nie, want ek het julle na hom gestuur; en kyk, Hy het niks gedoen wat die dood verdien nie.

¹⁶ Ek sal Hom laat gesel [tot inkeer kom en *sy les leer*] en dan loslaat.

¹⁷ (Dit was verpligtend om een gevangene op die fees los te laat.)

Pilatus Lewer Yahshua oor om Gekruisig te Word

¹⁸ Maar soos een man het hulle geskreeu en sê, Weg met die man, en laat vir ons Barabbas {*Bar-Abba*} los

¹⁹ (*hy was 'n man wat in die tronk gegooi was, wat verantwoordelik was vir oproer in die stad en wat moord gepleeg het*).

²⁰ Pilatus, wie vir Yahshua wou loslaat, het toe weer met hulle gepraat.

²¹ maar hulle het aangehou roep en sê: Kruisig, kruisig Hom [Gr. stauroo — hang hom aan 'n stok].

²² En vir die derde keer het hy vir hulle gesê: Hoekom, watter kwaad het Hy dan gedoen? Ek het niks in Hom gekry wat die doodstraf regverdig nie. Ek sal Hom laat gesel [*om Hom beter te leer*] en dan loslaat.

²³ Maar hulle het aangehou met 'n harde geskreeu en geëis dat Hy gekruisig moes word. En met hulle geskreeu en

dié van die priesterhoofde het hulle die oorhand gekry.

²⁴ En Pilatus het toe uitspraak gegee dat daar aan hulle eis voldoen moet word.

²⁵ En hy het die een vir hulle losgelaat wat oor opstand en moord in die tronk gegooi was, die een wat hulle geëis het; maar vir Yahshua het hy uitgelewer soos hulle wou.

Die Kruisiging

²⁶ En toe hulle Hom weglei, het hulle 'n sekere Simon van Sirene wat van die veld af gekom het, geneem en die kruis [Gr. stauros — stok] op hom gesit om dit agter Yahshua aan te dra.

²⁷ En 'n groot menigte mense het Hom gevolg, en vroue wat oor Hom getreur en gehuil het.

²⁸ Maar Yahshua het na hulle gedraai en gesê: **Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders;**

²⁹ **want daar kom dae waarin hulle sal sê: Geseënd [gelukkig, voorspoedig en beny] is die onvrugbare vroue en dié wat nog nooit 'n kind in die wêreld gebring het of gevoed het nie.**

³⁰ **Dan sal hulle vir die berge begin sê: Val op ons! en vir die heuwels: Bedek ons!**

³¹ **Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur!**

³² En daar was nog twee ander, misdadigers, weggelei om saam met Hom tereggestel te word. [Jes 53:12]

³³ En toe hulle op die plek kom wat Kopbeen [*Latyn: Kopbeen; Hebreeus Golgota*] genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die misdadigers, een aan die regterkant en een aan die linkerkant.

³⁴ Toe het Yahshua gesê: **Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.** En hulle het Sy klere verdeel en die lot daarvoor gewerp. [Ps 32:18]

³⁵ En die mense het dit staan en aanskou. En die raadslede het saam met hulle ook geskimp (*gespot*) en gesê:

²⁴ And Pilate gave sentence that it should be according to their request.

²⁵ And he released unto them him that for sedition and murder had been cast into prison, whom they had desired; but he delivered Jesus to their will.

The Crucifixion

²⁶ And as they led him away, they laid hold upon one Simon, a Cyrenian, coming out of the country, and on him they laid the cross [Gr. stauros — stake], that he might bear it after Jesus.

²⁷ And there followed him a great company of people, and of women, who also bewailed and lamented him.

²⁸ But Jesus turning unto them said, Daughters of Jerusalem, weep not for me, but weep for yourselves and for your children.

²⁹ For, behold, the days are coming, in which they shall say, Blessed are the barren and the wombs that never bare and the breasts which never gave suck.

³⁰ Then shall they begin to say to the mountains, Fall on us; and to the hills, Cover us.

³¹ For if they do these things in the green tree, what shall be done in the dry?

³² And there were also two others, malefactors, led with him to be put to death.

³³ And when they were come to the place, which is called of the Skull, there they crucified him, and the malefactors, one on the right hand, and the other on the left.

³⁴ Then Jesus said, Father, forgive them; for they know not what they do. And they parted his raiment and cast lots.

³⁵ And the people stood beholding. And the princes also with them derided him, saying, He saved others; let him save

himself if he is the Christ, the chosen of God.

³⁶ And the soldiers also mocked him, coming to him and offering him vinegar

³⁷ and saying, If thou art the king of the Jews, save thyself.

³⁸ And a superscription also was written over him in letters of Greek and Latin and Hebrew, THIS IS THE KING OF THE JEWS.

³⁹ And one of the malefactors which were hanged railed on him, saying, If thou art the Christ, save thyself and us.

⁴⁰ But the other answering rebuked him, saying, Dost not thou fear God, seeing thou art in the same condemnation?

⁴¹ And we indeed justly, for we receive the due reward of our deeds; but this man has done nothing amiss.

⁴² And he said unto Jesus, Lord, remember me when thou comest into thy kingdom.

⁴³ And Jesus said unto him, Verily I say unto thee, Today shalt thou be with me in paradise.

The Death of Jesus

⁴⁴ And when it was about the sixth hour, there was a darkness over all the earth until the ninth hour.

⁴⁵ And the sun was darkened, and the veil of the temple was rent in the midst.

⁴⁶ Then Jesus cried out with a loud voice and said, Father, into thy hands I commend my spirit; and having said thus, he gave up the spirit.

Ander het Hy verlos [*van die dood*]; laat Hy Homself verlos as Hy die Christus [*die Messias*] is wat deur Adonai uitverkies is.

³⁶ En die soldate het Hom ook bespot en gekom en vir Hom asyn [*suur wyn met water gemeng*] gebring [Ps 69:21]

³⁷ en gesê: As U die Koning van die Jode is, verlos Uself [*van die dood*].

³⁸ En daar was ook 'n opskrif bokant Hom geskrywe in Griekse, Romeinse en Hebreeuse letters: HIEDIE IS DIE KONING VAN DIE JODE.

³⁹ En een van die misdadigers wat opgehang is, het Hom gesmeek en gesê: As U die Christus [*Messias*] is, verlos Uself en ons.

⁴⁰ Maar die ander een het geantwoord en hom bestraf en gesê: Vrees jy nie vir Adonai nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is nie?

⁴¹ In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade; maar Hy het niks verkeerd [*niks snaaks of eksentriek of onredelik*] gedoen nie.

⁴² En hy het vir Yahshua gesê: Dink aan my, YHWH, wanneer U in U koninkryk kom.

⁴³ En Yahshua het hom geantwoord: **Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.**

Die Dood van Yahshua

⁴⁴ En dit was omtrent die sesde uur [*middag*], en daar het duisternis oor die hele aarde gekom tot die negende uur [*drie uur die middag*] toe.

⁴⁵ En die son het verduister, en die voorhangsel van die tempel [*van die Aller Heilige*] het middeldeur geskeur. [Eks 26:31-35]

⁴⁶ En Yahshua het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: **Vader, in U hande gee Ek My gees oor; en toe Hy dit gesê het, het Hy Sy gees opgesê** (blaas die laaste asem uit). [Ps 31:5]

⁴⁷ Now when the centurion saw what was done, he glorified God, saying, Certainly this was a righteous man.

⁴⁸ And all the people that came together to that sight, beholding the things which were done, returned smiting their breasts.

⁴⁹ And all his acquaintance and the women that had followed him from Galilee, stood afar off, beholding these things.

Jesus Is Buried

⁵⁰ And, behold, there was a man named Joseph, a senator; and he was a good man and just

⁵¹ (the same had not consented in the counsel nor in their deeds); he was of Arimathaea, a city of Judea, who also himself waited for the kingdom of God.

⁵² This man went unto Pilate and asked for the body of Jesus.

⁵³ And he took it down and wrapped it in linen and laid it in a sepulchre that was hewn in stone, where no one had ever been placed.

⁵⁴ And that day was the preparation, and the sabbath drew on.

⁵⁵ And the women who had come with him from Galilee also followed after and beheld the sepulchre and how his body was laid.

⁵⁶ And they returned, and prepared spices and ointments and rested the sabbath day according to the commandment.

The Resurrection

24 Now upon the first of the sabbaths, very early in the morning they came unto the sepulchre, bringing the spices which they had prepared, and certain others with them.

⁴⁷ En toe die offisier (*kaptein oor honderd man*) sien wat daar gebeur, het hy Adonai verheerlik en gesê: Waarlik, hierdie man was regverdig {*onskuldig*}.

⁴⁸ En al die mense wat saamgedrom het, om alles te aanskou, en gesien het wat gebeur het, het verslae terug gekeer huis toe en op hulle borste geslaan.

⁴⁹ En al Sy bekendes en vroue wat Hom van Galilea af gevolg het, het op 'n afstand al hierdie dinge aanskou.

Yahshua word Begrawe

⁵⁰ En, kyk daar was 'n man met die naam van Josef [afkomstig van 'n Joodse dorp Arimatea], 'n Raadslid [*Sanhendrin*], en hy was 'n goeie man en regverdig

⁵¹ (hy het nie met hulle raad en handelwyse saamgestem nie); hy was van Arimatea af, 'n stad van Judea, wat ook self die koninkryk van Adonai ver wag het.

⁵² Hy het na Pilatus gegaan en die liggaam van Yahshua gevra.

⁵³ En hy het dit afgehaal en in linne toegedraai en dit neergelê in 'n graf wat uit 'n rots gekap was, waarin niemand nog ooit gelê het nie.

⁵⁴ En dit was die dag van voorbereiding, en die Sabbat het begin aanbreek.

⁵⁵ En die vroue wat saam met Hom van Galilea af gekom het, het ook gevolg en die graf gesien en hoe Sy liggaam neergelê word.

⁵⁶ En hulle het teruggegaan en speserye en salf voorberei en op die Sabbat gerus volgens die gebod.

Die Opstanding

24 Nou op die eerste dag van die week, baie vroeg in die môre, het hulle [*die vroue*] by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle voorberei was, en sekere ander mense was ook by gewees.

² And they found the stone rolled away from the sepulchre.

³ And they entered in and did not find the body of the Lord Jesus.

⁴ And it came to pass as they were much perplexed thereabout, behold, two men stood by them in shining garments;

⁵ and as they were afraid and bowed down their faces to the earth, they said unto them, Why seek ye the living among the dead?

⁶ He is not here, but is risen; remember how he spoke unto you when he was yet in Galilee,

⁷ saying, The Son of man must be delivered into the hands of sinful men and be crucified, and the third day rise again.

⁸ Then they remembered his words

⁹ and returned from the sepulchre and told all these things unto the eleven and to all the rest.

¹⁰ It was Mary Magdalene and Joanna and Mary the mother of James and other women that were with them who told these things unto the apostles.

¹¹ And their words seemed to them as idle tales, and they did not believe them.

¹² But Peter arose and ran unto the sepulchre, and stooping down, he beheld the linen clothes laid by themselves and departed, wondering in himself at that which was come to pass.

On the Road to Emmaus

¹³ And, behold, two of them went that same day to a village called Emmaus, which was about sixty furlongs from Jerusalem.

¹⁴ And they talked together of all these things which had happened.

² En hulle het die steen van die graf weggerol gevind.

³ En hulle het ingegaan en het nie die liggaam van die Here Yahshua gekry nie.

⁴ En hulle was baie verleë hieroor, kyk, daar staan toe twee mans by hulle in blink klere.

⁵ en hulle [*die vroue*] was baie bang gewees en het hulle gesigte na die grond gebuig, en die mans het vir hulle gesê, Waarom soek julle die Lewende by die dooies?

⁶ Hy is nie hier nie; maar Hy het opgestaan; onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galilea was,

⁷ en gesê het, Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense [*mense wie se weë en natuur is om in teenstelling met Adonai te handel*] en gekruisig word {*as 'n krimineel*} en op die derde dag opstaan [*uit die dood*]. [Ps 16:10]

⁸ En hulle het Sy woorde onthou

⁹ en van die graf af teruggegaan en al hierdie dinge vir die elf en al die ander vertel.

¹⁰ Dit was Maria Magdalena en Johanna en Maria, die moeder van Jakobus, en die ander vroue wat saam met hulle was wat dit aan die apostels vertel het.

¹¹ En hul woorde het vir hulle na onsinnige praatjies gelyk, en hulle het hulle nie geglo nie.

¹² Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop, en toe hy neerbuk, het hy die doeke alleen sien lê en hy het weggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.

Op die Pad na Emmaus

¹³ En kyk, twee van hulle [*dissipels*] was op dieselfde dag op pad na 'n dorp wat twaalf kilometer van Jerusalem af was, met die naam van Emmaus.

¹⁴ En hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat gebeur het.

¹⁵ And it came to pass, that, while they communed together and reasoned, Jesus himself drew near and went together with them.

¹⁶ But their eyes were held fast that they should not know him.

¹⁷ And he said unto them, What manner of communications are these that ye have one to another as ye walk and are sad?

¹⁸ And one of them, whose name was Cleopas, answering said unto him, Art thou only a stranger in Jerusalem and hast not known the things which are come to pass there in these days?

¹⁹ Then he said unto them, What things? And they said unto him, Concerning Jesus of Nazareth, who was a prophet mighty in deed and word before God and all the people,

²⁰ and how the princes of the priests and our rulers delivered him to be condemned to death and crucified him.

²¹ But we were hoping that it was he who should redeem Israel, and beside all this, today is the third day since these things were done.

²² Although also certain women of our company made us astonished, who before daybreak were at the sepulchre;

²³ and when they did not find his body, they came, saying that they had also seen a vision of angels, who said that he was alive.

²⁴ And certain of those who were with us went to the sepulchre, and found it even so as the women had said; but they did not see him.

²⁵ Then he said unto them, O fools, and slow of heart to believe all that the prophets have spoken;

²⁶ ought not the Christ to have suffered these things and to enter (like this) into his glory?

¹⁵ En terwyl hulle praat en gedagtes wissel, het Yahshua self nader gekom en saam met hulle geloop.

¹⁶ Maar hulle oë was verhinder sodat hulle Hom nie herken het nie.

¹⁷ En Hy het vir hulle gesê: **Watter woorde is dit wat julle met mekaar loop en wissel, en waarom is julle so bedroef?**

¹⁸ En die een van hulle wie se naam Kleopas was, het Hom geantwoord en gesê, Is U 'n vreemdeling in Jerusalem sodat U nie van die dinge wat in hierdie dae daarin gebeur het, weet nie?

¹⁹ En Hy het vir hulle gesê: **Watter dinge?** En hulle het Hom geantwoord: Die dinge aangaande Yahshua van Nasaret, wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor Adonai en die al die mense,

²⁰ en hoe ons priesterhoofde en owerstes Hom oorgelewer het tot die doodstraf en Hom gekruisig het.

²¹ Maar ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos, maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het.

²² Maar sommige vroue uit ons kring het ons ook ontstel nadat hulle vroeg by die graf was;

²³ en toe hulle Sy liggaam nie kry nie, het hulle gekom en gesê dat hulle ook 'n visie van engele gesien het wat sê dat Hy lewe.

²⁴ En sommige van die wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue ook gesê het; maar hulle het Hom nie gesien nie.

²⁵ En Hy [*Yahshua*] het vir hulle gesê: **O onverstandiges, met harte wat traag is om alles te glo wat die profete gespreek het;**

²⁶ **moes die Christus [*die Messias*] nie hierdie dinge ly en om in Sy heerlikheid [*majesteit en prag*] (op die manier) in te gaan nie?**

²⁷ And beginning at Moses and all the prophets, he expounded this unto them in all the scriptures concerning himself.

²⁸ And they drew near unto the village where they went, and he made as though he would have gone further.

²⁹ But they constrained him, saying, Abide with us, for it is toward evening, and the day is far spent. And he went in to tarry with them.

³⁰ And it came to pass as he sat at the table with them, he took bread and blessed it and broke and gave to them.

³¹ And their eyes were opened, and they knew him; and he vanished out of their sight.

³² And they said one to another, Did not our heart burn within us while he talked with us in the way and while he opened to us the scriptures?

³³ And they rose up the same hour and returned to Jerusalem and found the eleven gathered together and those that were with them,

³⁴ saying, The Lord is risen indeed and has appeared to Simon.

³⁵ And they told what things were done in the way and how he was known to them in the breaking of the bread.

Jesus Appears to His Disciples

³⁶ And as they spoke these things, Jesus himself stood in the midst of them and said unto them, Peace be unto you.

³⁷ But they were terrified and frightened, and supposed that they were seeing a spirit.

³⁸ And he said unto them, Why are ye troubled? and why do thoughts arise in your hearts?

³⁹ Behold my hands and my feet, that it is I myself; handle me and see, for a spirit

²⁷ En Hy het by Moses begin en al die profete, en vir hulle in al die Skrifte die dinge wat tot Hom betrekking het, uitgelê.

²⁸ En hulle het nader gekom aan die dorp waarheen hulle op reis was, en Hy het gemaak of Hy verder wou gaan.

²⁹ Maar hulle het by Hom aangedring en gesê, Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby. En Hy het ingegaan om by hulle te bly.

³⁰ En toe Hy met hulle aan tafel sit, het Hy die brood geneem en die seën gevra, en Hy het dit gebreek en aan hulle gegee.

³¹ En hulle oë het oop gegaan en hulle het Hom herken; en Hy het uit hulle sig verdwyn [*onsigbaar vertrek*].

³² En hulle het vir mekaar gesê, Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

³³ En hulle het die selfde uur nog opgestaan en na Jerusalem toe terug gegaan en die elf [*apostels*] gevind en die wat saam met hulle bymekaar was,

³⁴ wat gesê het: Die Here het waarlik opgestaan en aan Simon [*Petrus*] verskyn.

³⁵ Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.

Yahshua Verskyn aan die Dissipels

³⁶ En terwyl hulle hieroor praat, het Yahshua self in hul midde gestaan en sê vir hulle gesê: *Vrede [vryheid vir al die benoudheid wat julle ervaar as gevolg van sonde]* vir julle.

³⁷ Maar hulle was verskrik en baie bang en het gedink hulle sien 'n gees.

³⁸ En Hy het vir hulle gesê: **Waarom is julle ontsteld en waarom kom daar twyfel in julle hart op?**

³⁹ **Kyk na My hande en My voete, want dit is Ek self; voel aan My en kyk, want**

does not have flesh and bones, as ye see me have.

⁴⁰ And when he had thus spoken, he showed them his hands and his feet.

⁴¹ And as they were not believing him yet for joy and wondering, he said unto them, Have ye here any food?

⁴² So they gave him a piece of a broiled fish and of a honeycomb.

⁴³ And he took it and ate before them.

⁴⁴ And he said unto them, These are the words which I spoke unto you, while I was yet with you, that all things must be fulfilled which were written in the law of Moses and in the prophets and in the psalms, concerning me.

⁴⁵ Then he opened their understanding that they might understand the scriptures

⁴⁶ and said unto them, Thus it is written, and thus it behooved the Christ to suffer and to rise from the dead the third day;

⁴⁷ and that repentance and remission of sins should be preached in his name among all nations, beginning from Jerusalem.

⁴⁸ And ye are witnesses of these things.

⁴⁹ And, behold, I shall send the promise of my Father upon you, but tarry ye in the city of Jerusalem until ye are endued with power from on high.

The Ascension

⁵⁰ And he led them out as far as to Bethany, and he lifted up his hands and blessed them.

⁵¹ And it came to pass while he blessed them, he was parted from them and carried up into heaven.

⁵² And they worshipped him and returned to Jerusalem with great joy

⁵³ and were continually in the temple, praising and blessing God. Amen.

'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.

⁴⁰ En terwyl Hy dit sê, het Hy hulle Sy hande en Sy voete gewys.

⁴¹ En toe hulle van blydschap nog nie kon glo nie en hulle verwonder, het Hy vir hulle gesê: **Het julle hier iets om te eet?**

⁴² Daarop het hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek gegee.

⁴³ En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet.

⁴⁴ En Hy het vir hulle gesê: **Dit is die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en die profete en die psalms oor My geskrywe is.**

⁴⁵ Toe het Hy hulle verstand geopen om die Skrifte te verstaan

⁴⁶ En Hy het vir hulle gesê, **So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan;**

en dat bekering en vergewing van sondes in Sy Naam verkondig moet word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.

⁴⁸ **En julle is getuies van hierdie dinge.**

⁴⁹ **En kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle, maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus word met krag uit die hoogte.**

Die Hemelvaart

⁵⁰ En Hy het hulle uitgelei sover as tot by Betanië, en Hy het Sy hande opgehef en hulle geseën.

⁵¹ En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem.

⁵² En hulle het Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydschap

⁵³ en hulle was gedurig in die tempel en het God geprys en gedank. Amen.

